MOEDERKERK
KRUISKERK

# BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER KONINKRYKSTYD 2026

## LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

**LEES**

Lees die teksgedeelte ’n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

**MEDITEER**

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe “lees”. Die Bybel (God!) raak die “subjek” van die aktiwiteit en ons lewe die “objek”.

**BID**

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit ’n spontane reaksie om daaroor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloof.

**ONTVANG & LEEF**

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen.* “Ontvang” dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: *“Laat dit met my wees volgens u Woord”.* Bid is hier ontvang en dankie sê.

# KONINKRYKSTYD

Die tydperk na Pinkster (middel Junie) tot en met Advent (einde November) staan in die kerkjaar bekend as Koninkrykstyd. Dit gaan in Koninkrykstyd daaroor dat die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) sigbaar sal wees in elke faset van die lewe. Ons word herinner aan die roeping om die gawes wat ons tydens die feeste (Paasfees en Pinkster) gevier het, in die alledaagse lewe uit te leef. Deur ons optrede moet die koms van God se koninkryk sigbaar gemaak word deur ons betrokkenheid by die materiële, geestelike en emosionele nood in die wêreld.

Koninkrykstyd herinner ons telkens aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons lewe, tussen die teks en ons konteks, tussen kerk en wêreld, tussen word en daad.

# EIE BYBELLEES

**PREEKREEKS: Wees Mens - Sewe stories van Oorsprong**

| *Week* | *Seisoen* | *Teks* | *Erediens* |
|---|---|---|---|
| 20 - 26 Julie | *Koninkrykstyd* | Gen 1:26-28 & 2:7 | 26 Jul |
| 27 Jul - 2 Aug | *Koninkrykstyd* | Gen 11:1-9 | 2 Aug |
| 3 - 9 Aug | *Koninkrykstyd* | Gen 15 & 22:1-19 | 9 Aug |
| 10 - 16 Aug | *Koninkrykstyd* | Gen 21: 1-21 | 16 Aug |
| 17 - 23 Aug | *Koninkrykstyd* | Gen 32 | 23 Aug |
| 24 - 30 Aug | *Koninkrykstyd* | Gen 18:1-15 | 30 Aug |
| 31 Aug - 6 Sept | *Dankfees* | Gen 24:61-67 | 6 Sept |